# TAFELBERG: 5-DAMME 2025

| ROETE: | Constantia-nek na 5 Damme en 'n duikplank | DATUM: | 13-Sept-25 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Altesaam 12 stappers het vroegoggend by Constantianek bymekaar gekom om tot op die agterste tafel van Tafelberg te klim om te gaan kyk hoe lyk die vyf damme na die winterreën. Die damme met hul indrukwekkende damwalle is tussen 1896 en 1907 gebou om Kaapstad van water te voorsien. Ons het die “twee stelle trappies” tot op die jeeppad hoër op geneem. Die rotswande met die fynbosblommetjies op hierdie deel is altyd mooi. Hoe hoër ons geklim het, hoe meer mistig het dit geword. Ons het dus nie veel van 'n uitsig gehad nie, maar die mistigheid sorg weer vir mooi foto’s. Ons eerste stop was die De Villiers-dam waar ons op die klippe gesit en ontbyt geëet het. Hier kon ons glad nie die damwal aan die oorkant sien nie, so dig was die mis. Ons gaan aan by die Alexandra-dam en Victoria-dam en stap tot by die indrukwekkende Hely-Hutchinson-dam waar ons met die leertjie tot op die damwal klim. Ook hier kon ons nie die ander kant van die 582 meter lange damwal in die mis sien nie. Op pad na die Woodhead-dam stel een van die stappers voor dat ons tot by die “duikplank” stap - 'n oorhangrots aan die Kasteelpoort-kant van die berg so 'n kilometer verder. Dit het vir fantastiese uitsigte en baie foto’s gesorg. Hierdie ekstra stukkie kan ons gerus op toekomstige soortgelyke stappe inwerk. Ons stap terug tot by die Woodhead-dam en rus 'n rukkie aan die einde van die damwal voor ons die jeeppad terug na ons motors aanpak. Baie dankie aan Amanda Matthee vir die reëlings en Gerna en Edna vir die voorstap.

| STAPPER | LIDNOMMER | KM | Meters geklim | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Sulene de Kock | Besoeker | 17 | 590 | |
| Mariaan de Villiers | 174/2025 | 17 | 590 | |
| Tiaan de Villiers | Besoeker | 17 | 590 | |
| Gerna Hough | 131/2025 | 17 | 590 | |
| Uluande Marais | Nie-Lid | 17 | 590 | Nie weer aangesluit |
| Amanda Matthee | 045/2025 | 17 | 590 | |
| Miranda Myburgh | 092/2025 | 17 | 590 | |
| Edna Terblanche | 040/2025 | 17 | 590 | |
| Rhoda van Schalkwyk | Besoeker | 17 | 590 | |
| Willem van Schalkwyk | Besoeker | 17 | 590 | |
| Estelle Zietsman | 048/2025 | 17 | 590 | |
| Mandy | Besoeker | 17 | 590 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **204** | **7080** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | NVT |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Amanda Matthee |
|---|---|